**Donderdag 3 Mei**

| Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-11 | Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:4, 6 |
|---|---|

# Leef in die lig!

*"Ek ken Hom"* (:4) en ek bly in Hom (:6) … geweldige woorde om te bely! En tog is dit ons voorreg om as Christene dit te mág bely.

Om iemand werklik baie goed te ken, beteken dat jy só na aan hom leef dat jy iets van sy hart raaksien. As ons dan sê "Ek ken Hom", beteken dit dat ons in die geloof iets van ons Here se hart vir ons raaksien. Hoor net hoe jubel die apostel Johannes dit uit as hý iets van ons Here se hart vir sy kinders raaksien: *"En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening van ons sondes …"* (:1b, 2a). Dit is die Blye Boodskap van genade – Jesus Christus in ons plek sodat ons mag lewe! Ons glo en bely ook dat dit ons Here is wat Hom van sy kant af ewig aan ons verbind het. Hy is immers die wingerdstok en ons die lote in Hom ingeplant (Joh. 15:4). 'n Christen lewe met die sekerheid dat hy nooit alleen is nie.

As Christen dra ons egter ook 'n geweldige groot verantwoordelikheid om vir die wêreld te wys wie God ons gemaak het. Wie Hom ken, lewe volgens God se gebooie, en wie in Hom bly *"… behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het"* (:6). Lewe voluit vir ons Here … dit is hoe 'n Christen in die lig lewe (:8, 9)!

*Sing: Psalm 31-1:1, 3*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*